TOM NEWBY SCHOOL

Kwartaal 4 Formele Assessering

Vak	**Afrikaans**	**Eksaminatrise**	**Mev. J. Dorrington**
Datum	**November 2022**	**Totale punte**	**50**
Graad	**6**	**Tydsduur**	**1 uur 30 min**
		Moderatrise	**Mev. M. Steyn**
Spesiale Instruksies	**Geen woordeboeke.** **Antwoord op die vraestel.**		

This Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking.

Naam:	**Van:**	**Klas:**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en die volgende vier vrae:

Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks (20)
Vraag 2: Visuele teks (10)
Vraag 3: Opsomming (5)
Vraag 4: Taal in konteks (15)



Vraag 1: Literêre/nie – literêre teks

Lees die teks en beantwoord die vrae wat volg.

Pele die Brasiliaanse sokker speler.

1. “Toe ek die Brasiliaanse volkslied hoor, voel dit vir my asof ek droom. Ek wonder, hoe is dit moontlik dat ek hier is, in die Brasiliaanse sokkerspan, op die punt om vir my land te speel?”

2. Dit is hoe Pele op die ouderdom van 17 gevoel het, voordat hy vir die eerste keer in 1958 in die van die Wêreldsokkerbeker gespeel het.

TOM NEWBY SCHOOL

3. Pele was die soort seun wat sokker gespeel het toe hy veronderstel was om skool toe te gaan. Sy pa was ook ’n sokkerspeler.

4. Pele sê:” Brasiliane is gek oor sokker. Hulle leer skop sodra hulle kan staan. Hulle leer eers later loop.”

5. Hy het sy eerste sokkerklub, Die Kaalvoetouens, op die ouderdom van 10 gestig. Op 14 het hy vir ’n plaaslike sokkerklub gespeel.

6. Hy het baie swak op skool gedoen. Hy wou net sokker speel. Hy is op 14 uit die skool.

7. Baie jare later was hy spyt dat hy so vroeg uit die skool is.

8. Op 15 het hy vir die beroemde span Santos begin speel. In 1958, het hy in die Wêreldbeker gespeel. Hy het tien doele in die wedstryd aangeteken.

9. In al die wedstryde waarin hy gespeel het, het hy meer as 1300 doele aangeteken.

10. Waarom was Pele so suksesvol? Eerstens was hy lief vir sokker, tweedens het hy slim gespeel en laastens het hy nie net vir hom self gespeel nie, maar vir die span.

11. Pele was nie net ’n uitstekende sokkerspeler nie, hy het ook hard gewerk om die regte van sokkerspelers te beskerm.

Geskryf deur: Mev. Dorrington

Aantal woorde: 253

FROM NEWBY SCHOOL

<u>Vrae</u>:

Nadat jy die teks sorgvuldig deurgelees het, beantwoord die volgende vrae in volledige sinne. Onthou geen Engels.

1.1 Wat is die sokkerspeler, waaroor die storie gaan, se naam?

_____ (1)

1.2 Waar het die storie plaasgevind?

_____ (1)

1.3 Hoekom dink jy het dit vir hom soos 'n droom gevoel?

_____ (1)

1.4 Vind 'n woord in **paragraaf 4** wat vir ons sê Brasiliane hou van sokker? Skryf die woord neer.

_____ (1)

1.5 **Onderstreep** die regte antwoord in die volgende sin.

Hy het sy eerste sokker klub op die ouderdom van (tien / veertien) begin. (1)

1.6 Hoekom dink jy het hy so sleg op skool gedoen?

_____ (1)

1.7 **Voltooi** die sin deur die regte **antwoord te omkring**. (1)

In 1958 het Pele_____ .

a. in die Wêreldbeker gespeel.
b. vir die Sokker span, Santos gespeel.
c. vir die Kaalvoetouens gespeel.
d. vir sy plaaslike sokkerklub gespeel.

1.8 Vul die tabel in deur een ding te noem wat **dieselfde** is tussen Pele en sy pa. (1)

Pele	**Sy pa**

1.9 Vul die regte antwoord in die volgende sin in. (1)

Pele het meer as _____ doele in sy sokker loopbaan aangeteken.

TOM NEWBY SCHOOL

1.10 Lees weer die storie kyk na die volgorde van gebeure. Pas Kolom B by Kolom A en skryf die antwoord in letters neer in die tabel. (1)

Kolom A	Kolom B
1.10.1 eerste gebeur	a. op 17 speel hy in die wêreldbeker
1.10.2 tweede gebeur	b. op 10 stig hy sy eie sokkerspan
1.10.3 laatse gebeur	c. op 15 speel hy vir Santos
	d. sy gesin was arm

1.10.1	————	1.10.2	————	1.10.3	————

1.11 Wat dink jy word bedoel met “hy was spyt”?

_____ (1)

1.12 Wat dink jy sou die gevolge gewees het as Pele meer gereeld skool bygewoon het en minder sokker gespeel het?

_____ (1)

1.13 Hoe dink jy het die Brasilianse volk gevoel oor Pele toe hy in die Wêreldbeker gespeel het? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____ (1)

1.14 In die storie is daar verskeie redes hoekom Pele so suksesvolle speler was. Skryf **een** van die redes neer.

_____

_____ (1)

1.15 Dink jy die titel van die storie is gepas? Gee rede ’n vir jou antwoord.

_____ (1)

1.16 Hoekom dink jy word Pele vandag nog onthou?

_____

_____ (1)

TOM NEWBY SCHOOL

1.17 Het jy van die storie gehou? Gee ’n rede vir jou antwoord.

_____

_____ (1)

1.18 Pele is op 14 jarige ouderdom uit die skool om sokker te speel. Dink jy dit was die regte ding om te doen?

_____ (1)

1.19 Hoe dink jy, sal jy voel as jou droom eendag waar word? Hoekom?

_____

_____ (1)

1.20 Dink jy dit is ’n ware storie? Verduidelik hoekom jy so dink.

_____

_____ (1)

Totaal vraag 1: 20

Vraag 2: Visuele teks

Kyk na die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

Leerders wat naskoolse aktiwiteite doen:



2.1 Wat is die naam van die aktiwiteit waarin die meeste leeders deelneem?

_____ (1)

TOM NEWB / SCHOOL

2.2 Noem twee aktiwiteite waaraan dieselfde hoeveelheid leerders deelneem?

_____ (1)

2.3 Wat is die opskrif van die grafiek?

_____ (1)

2.4 Hoeveel leerders neem aan tennis deel?

_____(1)

2.5 Waarin neem die minste leerders deel?

_____ (1)

Kyk na die volgende buitemuurse program en beantwoord die volgende vrae.

Dinsdag, 12 Julie	Skool begin – geen aktiwiteite nie.	
Vrydag, 16 Julie	Landloop: Liga 1: 14:00 - 15:30	
Maandag, 19 Julie	• Junior koor: 13:15 -14:15 • Senior koor: 14:15 -15:15 • Krieket: 14:15 - 15: 30 Alle spanne • Netbal: 14:15 -15:30 Gr. 5,6 en 7	Skoolsaal Skoolsaal Veld A Netbalbane
Dinsdag, 20 Julie	• Sokker 13:15 – 14:15 Gr. 1,2 en 3	Veld B
Woensdag, 21 Julie	• Sokker 14:15 – 15:30 Gr. 4,5,6 en 7	Veld A
Dodnerdag, 22 Julie	Tennis: 14:15 Alle spelers	
Vrydag, 23 Julie	Landloop: Liga 2: 14:00 - 15:30	

2.6 Op watter dae oefen die sokkerspanne?

_____(1)

2.7 Hoeveel landloop byeenkomste is daar voor beplan?

_____ (1)

2.8 As jy wil krieket speel, watter toeristing het jy nodig?

_____(1)

TOM NEWBY SCHOOL

2.9 Om in ’n koor te sing vat toewyding en ’n liefde vir musiek. Verduidelik, in jou eie woorde, wat met die stelling bedoel word.

_____ (1)

_____

_____

2.10 As jy wil koor sing op watter tyd gaan jy oefen? Hoekom?

_____ (1)

Totaal vraag 2: 10

Vraag 3: Opsomming

Gebruik die inligtingstuk om jou opsomming te doen.

Atletiek

1. Atletiek is ’n woord vir sportaktiwiteiete waarin deelnemers hardloop, spring of voorwerpe gooi. Die naam is afgelei van die Griekse woord “athlon” wat “kompetisie”beteken.

2. Atletiek het al in 776 v.C. begin. Atlete hardloop teen mekaar om te kyk wie wen. Dit was belangrik wanneer soldate opgelei moes word. Mense is opgelei om te spring, hardloop en te stoei.

3. Vandag vind atletiekkompetisies rondom ’n hardloopbaan van 400m plaas. Velditems (spring- en gooi-items) vind plaas op die binne kant van die baan.

4. Atletiek was eers net ’n sportaktiwiteite gewees vir mans. Vroue is eers in 1982 toegelaat om aan die Olimpiese spele deelteneem.

5. Atletiek bestaan uit twee afdelings uit, hardloopitems en velditems. Hardloopitems vind plaas om die veld in bane en sluit hekkies in. Velditems is aktiwiteite soos gewigstoot en sluit ook springitems in soos verspring en hoogspring.

TOM NEWBY SCHOOL

6. By hardloopitems is die wenner die een wat eerste by die wenstreep kom en by velditems is die wenner die een wat die verste gespring of hoogste gespring het. Die eerste drie plekke kry gewoonlik medaljes.

Instruksies:

- Som die inligtingsstuk oor Atletiek in 6 goeie sinne op.
- Skryf jou sinne onder mekaar neer.
- Nommer jou sinne van 1-6.
- Jou opsomming moet tussen 60 tot 70 woorde wees.
- Skryf jou aantal woorde aan die einde van jou opsomming neer.

Eerste weergawe:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aantal woorde: _____

Finale weergawe:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aantal woorde: _____

Totaal vraag 3: 5

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 4: Taal in konteks

Gebruik die leesstuk 'Pele die Brasilianse sokker speler' om die vrae te beantwoord.

4.1 Skryf die woord in **lettergrepe** en sê of die lettergrepe **oop of geslote** is.

sokkerspan _____ (1)

4.2 Gee 'n **antoniem** vir suksesvol: _____ (1)

4.3 Gee die **sinoniem** vir bekende : _____ (1)

4.4 Skryf die volgende sin in die **toekomende tyd**.

Hy begin sy eie sokkerklub.

_____ (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die **verlede tyd**.

Pele is 'n bekende sokkerspeler.

_____ (1)

4.6 Voltooi die tabel. (2)

woord	**meervoud**	**verkleining**
fabriek	4.6.1	4.6.2

4.7 Gee die **trappe van vergelyking** van: (2)

stellende trap	**vergrotende trap**	**oortreffende trap**
goed	4.7.1	4.7.2

4.8 Skryf die volgende sin in die **lydende vorm**:

Die span wen die wedstryd.

_____ (1)

TOM NEWBY SCHOOL

4.9 Onderstreep die **byvoeglike naamwoord** in die volgende sin.

Pele was ’n uitstekende sokkerspeler. (1)

4.10 Voltooi die sin deur die regte **voornaamwoord** in te vul.

Hy het _____ droom laat waar word. (1)

4.11 Gebruik die **voegwoord** in hakies om die twee sinne te verbind.

Pele speel goed sokker. Hy oefen baie hard. (want)

_____ (1)

4.12 Watter **bywoord** is in die volgende sin onderstreep.

Hy het vir ’n plaaslike sokkerklub gespeel.

Bywoord van_____ (1)

4.13 Skryf die volgende sin in die **ontkennende vorm**.

Hy teken tien doelle aan.

_____ (1)

Totaal vraag 4: 15

TOM NEWBY SCHOOL

Graad 6 Afrikaans November
Kwartaal 4 Formele Assessering
Prestasie evaluering
(Vir onderwys gebruik alleenlik)

Naam en van:_____ Klas: 6_____

Vraag 1:

Vraag nommer:	1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10
Moontlike punt:	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punt:										

Vraag nommer:	1.11	1.12	1.13	1.14	1.15	1.16	1.17	1.18	1.19	1.20
Moontlike punt:	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punt:										

Totaal: ____

Vraag 2:

Vraag nommer:	2.1	2.2	2.3	2.4	2.5	2.6	2.7	2.8	2.9	2.10
Moontlike punt:	1	1	1	1	1	1	1	1	1	1
Leerder punt:										

Totaal: ____

Vraag 3:

Vraag 3.1	Moontlike punt	Leerder punt
Kwaliteit en inhoud van sinne.	3	
Taal, woordeskat en antaal woorde.	2	

Totaal: ____

Vraag 4:

Vraag nommer:	4.1	4.2	4.3	4.4	4.5	4.6	4.7	4.8
Moontlike punt:	1	1	1	1	1	2	2	1
Leerder punt:								

Vraag nommer:	4.9	4.10	4.11	4.12	4.13
Moontlike punt:	1	1	1	1	1
Leerder punt:					

Totaal: ___

TOM NEWBY SCHOOL